

KOLLEKTES TYDENS DIE EREDIENSTE

Kollektes tydens die erediens en by die deure, soos elke Sondag afgekondig, kan op drie maniere oorbetaal word:

1. Weekliks in kontant in die onderskeie kollektesakkies by die erediens

Vir die komende paar weke is hierdie opsie nie meer moontlik nie weens die inperkings as gevolg van die Corona virus.

2. Maandelikse elektroniese oorbetaling (EFT), addisioneel tot u maandelikse kerklike bydrae

Die kerk se bankbesonderhede is: Gereformeerde Kerk Bellville Oos
ABSA
Rek no 1450 340 029
Takkode 632005

Gebruik as verwysing “**Kollektes – Maart**” of “**Kollektes – April**”

Die bedrag wat u vir Maart oorbetaal, sal dan aangewend word (in ooreenstemming met die geskeduleerde kollektes vir die laaste twee Sondae van Maart en die gemiddelde opbrengs van die twee kollektes per erediens in die verlede), nl.:

- Diakonie (4 kollektes) (70%)
- Teologiese Skool Potchefstroom – Studentekas (2 kollektes) (15%)
- Huis Boland (2 kollektes) (15%)


Die bedrag wat u vir April oorbetaal, sal dan soos volg aangewend word:

- Diakonie (10 kollektes) (70%)
- Bolandse Bedieningsfonds (2 kollektes) (6%)
- Ekumenisiteit (2 kollektes) (6%)
- Teologiese Skool Potchefstroom – Studentekas (2 kollektes) (6%)
- Kinderhuise (2 kollektes) (6%)
- Huis Boland (2 kollektes) (6%)

Hierdie oorbetalings sal nie op u kwartaallikse bydrae-kwitansie verskyn nie.

3. *Weeklikse betalings vanaf u selfoon m.b.v. die Zapper-app*

U kan die app vir 'n iPhone of iPad vanaf die App Store aflaai, of vir u Android selfoon vanaf Google Play



(Data koste mag moontlik gehef word met die aflaai van die app)

Hoe om Zapper op u selfoon/tablet te installeer:

- Gaan na die **App Store** / **Google Play** op u selfoon
- Soek vir die **Zapper** app
- Kies **Zapper Payments & Rewards** op die lys van apps wat vertoon word
- Kies **Install**
- Nadat die app geïnstalleer is, kies **Open** en vul u rekeningbesonderhede in
- Nou kan u 'n betaling maak deur net die QR kode (blokkie met wit/swart kolle) af te neem

Daar is twee Zapper kodes vir onderskeidelik die diakonale kollekte en die kollekte by die deure. Hierdie kollekte by die deure wissel week vir week.

Betaal jou offergawe aan die diakonie deur die QR kode hieronder met behulp van die **zapper** app op jou selfoon te lees



Betaal jou bydrae vir die tweede kollekte deur die QR kode hieronder met behulp van die **zapper** app op jou selfoon te lees

